

Konstitusionele Hof uitspraak oor 'geleibuisbeginsel' en kapitaalwinsaanspreeklikheid in veelvoudig-vlakkige truststruktuur

Tshwane, 8 Oktober 2024 - Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het die Konstitusionele Hof se uitspraak verwelkom wat op 2 Oktober 2024 oor die aangeleentheid tussen die Thistle Trust en die kommissaris van SARS gelewer is. Die aangeleentheid het die toepaslikheid van die 'geleibuisbeginsel' op kapitaalwinste behels wanneer dit in 'n veelvoudig-vlakkige truststruktuur in dieselfde belastingjaar voorkom. Die Konstitusionele Hof het in guns van SARS se toepassing van die statute tot belastingaanspreeklikheid van die belastingpligtige, Thistle Trust, beslis.

Thistle Trust, 'n inter vivos diskresionêre trust, was 'n begunstigde van tien vestigingstrusts. Tydens die 2014, 2015 en 2016 belastingjare, het dié vestigingstrusts kapitaalwinste te gelde gemaak ná die beskikking van kapitaalbates en die tegeldegemaakte winste na die Thistle Trust uitgekeer, wat daarna, binne dieselfde belastingjare, hierdie winste na sy begunstigdes uitgekeer het. Die trust het nie die kapitaalwinste in hulle inkomstebelastingopgawes verklaar nie – instead, het die begunstigdes die kapitaalwinste verklaar en die kapitaalwinsbelasting op hierdie winste betaal.

SARS het 'n aanslag teen die Thistle Trust vir die bogenoemde jare uitgereik vir kapitaalwinste wat vir die Thistle Trust opgeloop het. SARS het ook 'n 50% onderstellingsboete gehef en het die Thistle Trust vereis om die rente op die uitstaande belastingaanspreeklikheid te betaal. Die Thistle Trust het beswaar teen die aanslag gemaak op gronde dat die Thistle Trust slegs 'n geleibuis vir die beweging van winste aan sy begunstigdes was, wat ingevolge algemene wetgewing en die Wet op Inkomstebelasting op daardie tydstip slegs in die hande van die begunstigdes belasbaar was. Die beswaar was gevolglik nie toegelaat nie.

Die Thistle Trust het die Belastinghof genader wat in die trust se guns beslis het. SARS het appèl aan die Appèlhof gerig. Die Appèlhof het die Belastinghof se beslissing ter syde gestel omdat dit van toepassing was op die kwessie van belastingaanspreeklikheid en het beslis dat die geleibuisbeginsel nie verder as die Thistle Trust van toepassing was nie, en dat die trust gevolglik vir die kapitaalwinsbelasting aanspreeklik was. Nietemin, het die hof die beswaar van die Thistle Trust gehandhaaf rakende die heffing van 'n onderstellingsboete. Geen koste is beveel nie.

Die Thistle Trust het appèl aan die Konstitusionele Hof gerig rakende die belastingaanspreeklikheidskwessie. Die meerderheidsuitspraak het Thistle Trust se appèl rakende die belastingaanspreeklikheidskwessie van die hand gewys. SARS se voorwaardelike aansoek om verlof om te kruis-appelleer oor die kwessie van die

heffing van die onderstellingsboete, is ook van die hand gewys, aangesien die Konstitusionele Hof bevind het dat dit nie in die belang van geregtigheid was vir die hof om te sit as 'n hof van eerste en laaste geval om te beslis oor 'n wetlike aspek wat geen verskil aan die uitslag van die appèl sou maak nie. Voor die hof tot hierdie beslissing gekom het, het hulle bevind dat die belastingposisie wat deur die Thistle Trust ingeneem is, op regsadvies gegrond was en dat dit nie net redelik was nie, maar dat dit ook in 'n redelike belastinghofuitspraak bekragtig is. Ook dat die argument deur SARS ten opsigte van die gebrek aan redelike sorg met die voltooiing van 'n opgawe, SARS tot status sou uitlig van 'n owerheid wat die enigste redelike vertolking van wetgewing kon verorden. Die hof het daarmee 'n kostebevel teen SARS ingestel ten opsigte van die onderstellingsboetekwessie. SARS respekteer hierdie hofbevel en verken voortdurend die kriteria waarop onderstellingboetes gegrond is, en verskaf meer helderheid in hierdie verband.

SARS Kommissaris, mnr. Edward Kieswetter, het gesê dat hierdie uitspraak SARS se korrekte besluit beaam ten opsigte van die toeskrywing van belastingaanspreeklikheid tot die trust in 'n veelvoudig-vlakkige truststruktuur. Daarby het die uitspraak ook helderheid en sekerheid verskaf oor hoe kapitaalwinste wat deur 'n trust aan begunstigdes uitgekeer word deur trustees in 'n soortgelyke posisie hanteer moet word.

Volledige uitspraak van *Thistle Trust vs Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens* (concourt.org.za).

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.